# SPANJAARD LIMITED > NOG 'N REKORDJAAR

SPANJAARD

**Spanjaard Limited** (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
Registrasienommer: 1960/004393/06 Aandeelkode: SPA ISIN: ZAE000006938

# VERKORTE GEOUDITEERDE GROEPRESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2009

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2009 R'000** | Jaar geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|
| Inkomste | **98 278** | 85 415 |
| Omset | **97 216** | 84 457 |
| Koste van verkope | **61 159** | 53 208 |
| Bruto wins | **36 057** | 31 249 |
| Bedryfsonkoste | **26 144** | 24 982 |
| Depresiasie en amortisasie | **1 797** | 1 536 |
| Wins uit bedrywighede | **8 116** | 4 731 |
| Netto finansieringsinkomste | **447** | 273 |
| Wins voor belasting | **8 563** | 5 004 |
| Inkomstebelasting-onkoste | **(3 095)** | (1 656) |
| Netto wins | **5 468** | 3 348 |
| **Verdienste per gewone aandeel** | | |
| **– basies en verwater (sent)** | **67,1** | 45,2 |
| **Dividend verklaar per gewone aandeel (sent)** | | |
| **– tussentyds** | **15,0** | 5,0 |
| **– finaal** | **70,0** | 10,0 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

| | **28 Februarie 2009 R'000** | 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| *Nie-bedryfsbates* | **19 049** | 18 239 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **18 607** | 18 052 |
| Klandisiewaarde | **437** | – |
| Uitgesteldebelasting-bate | **–** | 187 |
| Ontasbare bates | **5** | – |
| *Bedryfsbates* | **45 098** | 34 614 |
| **Totale bates** | **64 147** | 52 853 |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| *Aandeelhouersekwiteit* | **31 842** | 33 294 |
| Gewone aandele en premie | **6 871** | 6 871 |
| *Reserwes* | **24 971** | 26 423 |
| Behoue verdienste | **15 561** | 16 301 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **101** | 100 |
| Herwaardasiereserwe | **9 309** | 10 022 |
| *Nie-bedryfslaste* | **5 176** | 4 760 |
| Lenings | **1 968** | 950 |
| Uitgesteldebelasting-laste | **3 208** | 3 810 |
| *Bedryfslaste* | **27 129** | 14 799 |
| Rentedraend | **402** | 277 |
| Nie-rentedraend | **26 727** | 14 522 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **64 147** | 52 853 |
| **Getal uitgereikte gewone aandele ('000)** | **8 143** | 8 143 |
| **Netto batewaarde per aandeel (sent)** | **391,7** | 408,9 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2009 R'000** | Jaar geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **157** | 7 037 |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(2 449)** | (1 289) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **1 451** | 4 963 |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | **(841)** | 10 711 |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **12 411** | 1 700 |
| Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar | **11 570** | 12 411 |

## VERKORTE SEGMENTWINS UIT BEDRYWIGHEDE

| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2009 R'000** | Jaar geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|
| *Segmentverkope* | | |
| Smeermiddels | **70 436** | 60 009 |
| Metaalpoeiers | **21 803** | 22 640 |
| Ander | **4 977** | 1 808 |
| | **97 216** | 84 457 |
| *Segmentresultaat* | | |
| Smeermiddels | **5 960** | 2 044 |
| Metaalpoeiers | **2 048** | 2 636 |
| Ander | **108** | 51 |
| | **8 116** | 4 731 |

## VERKORTE AANVULLENDE INLIGTING

| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2009 R'000** | Jaar geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|
| Kapitaalbesteding | **2 452** | 1 396 |
| Kapitaalverbintenisse | **–** | – |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2009 R'000** | Jaar geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|
| *Gewone aandele* | **407** | 407 |
| *Aandelepremie* | **6 464** | 6 464 |
| *Reserwes* | **24 971** | 26 423 |
| Behoue verdienste aan begin van jaar | **16 301** | 14 052 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **101** | 100 |
| Netto wins vir die jaar | **5 468** | 3 348 |
| Herwaardasiereserwe | **9 309** | 10 022 |
| Realisasie van reserwe | **713** | – |
| Gewone dividend | **(6 921)** | (1 099) |
| Totale aandeelhouersekwiteit | **31 842** | 33 294 |

## VERKORTE REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2009 R'000** | Jaar geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|
| Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers | **5 468** | 3 348 |
| Wins/(verlies) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **8** | (50) |
| Totale belastinguitwerking van aanpassings | **–** | – |
| Wesensverdienste | **5 476** | 3 298 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele ('000) | **8 143** | 7 410 |
| Wesensverdienste per gewone aandeel – basies en verwater (sent) | **67,2** | 44,5 |

**OPSTELLINGSGRONDSLAG**

Die geouditeerde verkorte gekonsolideerde Groep finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 is in ooreenstemming met IRS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* opgestel en voldoen aan die Maatskappywet van Suid-Afrika, 1973. Die geouditeerde verkorte gekonsolideerde Groep finansiële state is ooreenkomstig die historiesekoste-gebruik soos gewysig deur die herwaardasie van grond en geboue, beleggingseiendom, finansiële bates en finansiële laste gehou vir verkoop opgestel. Hierdie geouditeerde verkorte gekonsolideerde Groep finansiële state moet tesame met die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 gelees word.

Dieselfde rekeningkundige beleid en berekeningsmetodes wat in die mees onlangse finansiële jaarstate gebruik is, word in die verkorte Groep geouditeerde resultate toegepas.

## KOMMENTAAR

### HOOGTEPUNTE

- Groepinkomste styg met 16% van R84,5 miljoen tot R97,3 miljoen.
- Netto winsmarges styg van 4% tot 6%.
- Wesensverdienste styg met 66%.
- Verdienste per aandeel styg van 45,2 sent tot 67,1 sent per aandeel.

**ALGEMENE OORSIG**

Ons kondig met genoeë 'n buitengewone prestasie vir die jaar onder oorsig aan. Nog 'n rekordwins voor belasting van R8,6 miljard is behaal, 'n toename van 72% teenoor verlede jaar se R5 miljoen.

Die bestuur fokus steeds op kostedoeltreffendheid, produkwinsgewendheid en bedryfskapitaalbestuur, wat, tesame met 'n bekwame en gemotiveerde bestuurspan, winsgewendheid vir aandeelhouers sal verhoog.

Ons navorsing-en-ontwikkelingswerk het dit moontlik gemaak om verskeie produkte in die smeermiddelmark bekend te stel en nuwe, innoverende aërosolprodukte gaan in die nuwe finansiële jaar bekend gestel word.

Ons het R2,5 miljoen aan kapitaalverbeterings bestee, insluitende die verkryging van nuwe produksiereeekse en die opgradering van rekenaartoerusting.

Daar was geen wesenlike verwanteparty-transaksies gedurende die finansiële jaar nie.

**VERKRYGING VAN SPANJAARD EU BV**

Op 1 Maart 2008 is Spanjaard EU BV ("BV"), 'n maatskappy in Nederland geïnkorporeer, as 'n volfiliaal van Spanjaard Limited vir 'n koopprys van R1,00 verkry.

Die bestuur is van mening dat die drabedrag die billike waarde van die bates en laste van EU BV wat by verkryging gekoop is, benader het. Daar was geen voorwaardelike aanspreeklikhede op daardie datum nie.

Die drabedrag van bates onmiddellik voor verkryging was R1 518 000 en laste was R1 955 000, wat tot gevolg gehad het dat klandisiewaarde van R437 000 erken is.

Die direksie het die verkryging van Spanjaard EU BV goedgekeur omdat die maatskappy 'n integrerende deel van die bedryfsaktiwiteite in Europa is en groeivooruitsigte het.

Spanjaard EU BV het R3,7 miljoen tot inkomste en R157 000 tot wins voor belasting van die Groep bygedra.

**SEGMENTONTLEDING**

Die smeermiddelafdeling se omset het met 18% toegeneem, wat tot 'n toename in VVRB van 192% tot R5,9 miljoen gelei het. Dit is deur beter bedryfskapitaalbestuur en streng kostebeheer teweeggebring.

Die "ander" afdeling sluit omset en VVRB in wat uit die verkryging van Spanjaard EU BV (Nederland) op 1 Maart 2008 ontstaan het. Spanjaard EU BV het 4% tot Groepomset en 3% tot Groep netto wins na belasting bygedra.

**DIVIDEND**

Tussentydse dividend (No. 16) van 15 sent per gewone aandeel is op 29 September 2008 verklaar. Die totale werklike dividende wat gedurende die finansiële jaar betaal is, het R1 187 428 bedra.

Finale dividend (No. 17) van 70 sent per gewone aandeel is op 27 Februarie 2009 verklaar en is betaalbaar aan alle aandeelhouers van Spanjaard Limited wat by kantoorsluiting op Vrydag, 15 Mei 2009, in die boeke van die maatskappy geregistreer is. Die laaste dag vir verhandeling met dividend is Vrydag, 8 Mei 2009. Aandele sal vanaf Maandag, 11 Mei 2009, sonder dividend begin verhandel. Die dividend is op Maandag, 18 Mei 2009, betaalbaar. Aandelesertifikate mag van Maandag, 11 Mei 2009, tot en met Vrydag, 15 Mei 2009, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie. Dividendbelasting voortspruitend uit die finale verklaring bedra R570 000.

**OUDITMENING**

Mazars Moores Rowland het die finansiële jaarstate (en Groep finansiële jaarstate) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 geouditeer en hulle ongekwalifiseerde ouditverslag, tesame met hulle ouditverslag oor hierdie verkorte finansiële state, is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

**Op las van die direksie**

ML Bond – *Maatskappysekretaris*
5 Mei 2009

**Direkteure:** RJW Spanjaard (Uitvoerende voorsitter), CA Gordon-Bennett (Besturende direkteur), MA Barnes*, GF Cort, BL Montgomery*, CKT Palmer, ARJ Spanjaard*, Dr DP van der Nest* *Nie-uitvoerend

**Geregistreerde kantoor:** Vyfde Straat 748 – 750, Wynberg, Sandton, 2090

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001

**E-pos:** info@spanjaardltd.com **Webtuiste:** www.spanjaardltd.com

SABS ISO 9001

motiv